



VROEG-OGGEND-KOFFIE-SAAM-MET-GOD



22 Februarie 2019

“Die Here sien JOU raak”

Lees Johannes 5:1-17 deur en reflekteer oor die woorde:

¹ Hierna was daar weer 'n fees van die Jode, en Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan. ² By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad met die Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad, ³ waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. ⁵ Onder hulle was daar 'n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was. ⁶ Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?” ⁷ Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.” ⁸ Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.” ⁹ Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop. Dit was 'n sabbatdag. ¹⁰ Die Jode sê toe vir die man wat genees is: “Dit is 'n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie.” ¹¹ Maar hy antwoord hulle: “Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: Tel jou goed op en loop.” ¹² Hulle vra hom toe: “Wie is die man wat vir jou gesê het: Tel jou goed op en loop?” ¹³ Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar 'n klomp mense op die plek was. ¹⁴ Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: “Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.” ¹⁵ Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak het. ¹⁶ Die Jode het toe teen Jesus te velde getrek omdat Hy dit op 'n sabbatdag gedoen het. ¹⁷ Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.”

Wat moet ons hoor?

In hierdie verhaal hoor ons hoe Jesus die man wat 38 jaar siek was genees het. Jesus het hom loodreg in die oë gekyk en gevra – “Wil jy gesond word?”. Daarna het Hy die man beveel – “Staan op en loop”. Die ongelooflike van hierdie verhaal wat ons nie mag miskyk nie is dat Jesus hier, in die midde van die skare bemoeienis gemaak het met EEN man en toe sy behoefte aangespreek het. Jesus kon almal genees het maar die verhaal vertel net van die een man. Hoekom? Die rede is eenvoudig – Johannes wou wys dat die liefde van Jesus bemoeienis maak met elke mens wat onder Sy toesig staan. Jesus gee om vir die individu en Hy sorg vir elke persoon. Vandag sê die Here vir jou – “Mens, Ek sien jou raak. Wat is jou behoefte?”. Dink bietjie aan jou eie lewe en wat jy nodig het en praat vandag met die Here daarvoor.

Vraag: Vandag is ons soos die man by Betesda. Ons elkeen het sekere behoeftes wat net God kan aanspreek. Deel vanoggend met God wat in jou hart aangaan.

Gebed: *Here, U sien my raak. U weet van my en U ken my nood. Antwoord nou op my gebed en gee uitkoms vir my diepste begeertes...*

Vraag: Jesus vra in vers 6 vir die man – “Wil jy genees word?”. Hierdie vraag vra Jesus want Hy wil hê die man moet totaal oorgee en vertrou op Hom. Vandag moet ons leer om al ons sake aan die Here oor te gee en leer om te vertrou dat Jesus vir ons uitkoms gaan gee.

Gebed: *Here, leer my om totaal oor te gee vandag. Leer my om op U te vertrou en om U gesig elke dag te soek. Ek kan nie sonder U bly lewe nie...*

Vraag: Die verhaal vra ook dat ons sal begin om rondom ons te kyk na die nood van ander. Vra die Here om jou vandag sensitief te maak vir die nood van die mense wat oor jou pad gaan kom.

Gebed: *Here, maak my oë oop vandag. Help my om die nood raak te sien en om reg op te tree soos U opgetree het. Help my vandag om U hande en voete te wees...*

Ons bid vandag vir die volgende persone:

Hannalie van Zyl (kanker); Paul Menge (gesondheid); Susan Niemann (gesondheid); Dini Pretorius (gesondheid); Cobus Louw (gesondheid); Fred Els (gesondheid); Trudi Leonard (gesondheid); Liesching Rademeyer (gesondheid); Ettian Britz (gesondheid); Ronnie de Lange (laaste chemo ontvang); Ann Voigt (gesondheid); Annatjie Viljoen (tweede heupvervanging); Rita Scheepers (gesondheid); Gezina Bergh (gesondheid); André Gouws (heupvervanging); André & Priscilla Esterhuyze (dogter het kanker); Riaan Enslin (kanker); Petro Pike (chemo); Isabel Labuschagne (katerak verwyder); Laurete Orton (gesondheid);

Die volgende sake lê ons voor die Here neer:

Ons dank die Here dat Hy vir ons sorg. Ons bid vir Sondag se erediens; Ons bid vir die boere in die Vrystaat wat 'n droogte in die gesig staar; Ons bid dat die Here ons kerk sal bewaar en sal bou; Ons dank die Here vir Sy goedheid in ons lewens; Ons bid vir werksaamhede tussen die gemeentes; Ons bid vir elke gemeente en hulle leraars; Ons bid vir ons gemeentede; Ons bid vir almal wat moeg en oorlaai voel; Ons bid vir ons kinders en hulle toekoms; Ons bid vir ons besigheidsmanne en die opkomende verkiesing...